Laerskool Helderkruin

h/v Banketrylaan & Ruhamahstraat, Helderkruin

www.kruiners.co.za T: 011 764 2506

Kruiner Ouers

Herregistrasie van huidige Graad 1 to 6 leerders

U het reeds u datavorms vir herregistrasie ontvang. Dit moet voor of op 28 Mei 2018 terugbesorg word.

Kultuur: Kunswedstryd 2018

Dit is met groot opgewondenheid dat ons met die voorbereiding vir die Kunswedstryd begin. Leerders sal deur registerpersoneel geïdentifiseer word vir deelname aan die Afrikaanse- en Engelse voorgeskrewe gedigte. Slegs 8 leerders per kategorie kan deelneem. Leerders mag ook privaat ingeskryf word. Die skool neem nie verantwoordelikheid vir die afrigting van privaat inskrywings nie. Die koste, per item, beloop R50 en is betaalbaar by Elouise van Zyl. E-pos asseblief vir me Karen Lourens by karenlourens@kruiners.co.za vir enige navrae.

Leerders kan inskryf vir enige van die kategorieë:

- Afrikaanse Prosa, Gedramatiseerde Prosa, Monoloog, Mimiek en Improvisasie
- English Prose, Dramatised Prose and Prepared Reading

Daar is ook spreekkore / coral verse vir leerders wat eerder in 'n groep wil deelneem. Die koste beloop R30 per leerder per groepitem.

Kinderkoor:

Baie geluk aan albei ons kore wat met julle pragtige optredes tydens Hoërskool Monument se Koorfees en ATKV Applous (..). Baie dankie ookaan elke ouer vir u ondersteuning.

Belangrike Datums

21 Mei

- GLRU oefening 17:30

22 Mei

- Rugby: Randhart (tuis)

24 Mei

- Mini-netbal: vs King School
- GLRU oefen te HS Flordia om 1430

25 Mei

- Rugby: o.12 Noordelike Provinsies te Affies

26 Mei

- Rugby: o.13A en o.13XV Noordelike Provinsies

Lag 'n slag!



Gedagte vir die dag

"Want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie…"

2 Kor 5:7

Akademie:

Baie belangrik: Die Eksamenrooster asook die afbakenings is op die d6 geplaas. Die eksamen begin op Maandag, 4 Junie 2018. Dit is beskikbaar onder "Bronne > Akademie".

Sportnuus:

Netbal

Baie dankie aan al die netbaldogters wat aan die wedstryde teen Fairland deelgeneem het. Dankie ook aan al ons ouers vir u ondersteuning, dit word baie waardeer.

Rugby

Baie dankie aan al die rugbyseuns wat wedstryde teen Kenmare gespeel het. Dankie aan ons seuns vir pragtige spel en mooi sportmangees. Dankie ook aan al ons ouers.

Gr RR/R Personeel aan diens

Mee. Leandri Barnard (Gr RR), (Gr R) is die week aan diens vanaf 06:45.

Inskrywings 2019

Daar is nog Gr RR'e wat nog nie ingeskryf het vir 2019 Gr R nie. Slegs Gr 1 vir 2019 skryf elektronies in. Sluitingsdatum vir die proses is 28 Mei 2018.

Graad 8 aanlynregistrasies het op 16 April 2018 geopen. Graad 7 ouers moet dringend aansoek doen by die Hoërskool van u keuse vir Graad 8 aanlynregistrasie.

C. Schutte en redaksie

Hoof

Uitreik & Omgee

Ons versamel die broodsakkie-gespes om sodoende 'n rolstoel te kan skenk. Stuur asseblief die gespes (knippies) na Juf Botes se klas. By voorbaat dankie.

Die skoolterrein is 'n rookvrye area.

Geklassifiseerde Advertensie:

Kennisgewing – hierdie advertensies word nou direk op die d6 Communicator van die skool gelaai.

Koste beloop steeds R250 per maand en daar is nou geen beperking op aantal woorde of kleur/teks nie.

Besoek gerus die d6 – Bronne – Advertensies.

Om u advertensie te plaas, stuur gerus 'n epos aan hanli-mari@kruiners.co.za